
## 190 Hy is Koning




Hy is Koning, Hy is Koning!
Alle twyfel moet nou heen!
En my hart sal onverdeeld wees,
eiendom van God alleen.

Hy is Koning, Hy is Koning!
Maar dit het sy bloed gekos;
nou bring ek myself ten offer
aan Hom wat my siel verlos.

Hy is Koning, Hy is Koning!
Weg dan klagtes, weg dan vrees!
Want waar Jesus heers as Koning,
sal geen smart of droefheid wees.

Onbekend A.C. van Velden (1886-1954)